1949

P.O. Box 3147
Johannesburg

# NEWS LETTER

Issued by
MARAIS STEYN
Assistant
General Secretary
UNITED PARTY

A COMMENTARY ON POLITICAL QUESTIONS OF THE DAY

NEW SERIES No. 6

JANUARY/FEBRUARY 1949

## UNITED PARTY POLICY: WHERE IT DIFFERS FROM THE NATIONALIST PARTY

There is as much difference between the policy of a political party and its actions as there is between preaching and doing. Comparatively of recent date is the declared policy of Dr. Malan (issued by the Federal Council of the Nationalist Party) in which it is laid down:

**"You (Afrikaners) demand, not as a favour, but as a right, the 'Stem van Suid-Afrika' as your ONE AND ONLY NATIONAL ANTHEM."**

(The Great Decision by D. F. Malan, printed by the Voortrekker Pers, Bpk.)

There can be no question here of a Republican Plan in which the English language clause can be repudiated at a convenient time. It is the declaration of policy of the Nationalist Party and not one of its propagandist stunts of the moment.

So much by the way. The point that we wish to make is that the United Party has a traditional policy which it has followed since its inception and the public knows how it will act when returned to power.

Prior to the general election of 1948, the United Party issued a twenty-four point programme of principles, of which the following were the chief points:

**(a) National unity and racial co-operation based on complete equality of the two main sections of the European people.**

The Nationalist Party pays lip-service to this principle, but it is conditional upon the English section accepting republicanism and the narrow nationalism of the section which seeks to act the tiger to the lady of Niger.

**(b) Participation in the partnership of the British Commonwealth of Nations on a basis of common interest.**

The Nationalist Party has declared its willingness to participate in the partnership: "when it is to the interest of South Africa" and on: "the same basis as Ireland."

**(c) Co-operation with the United Nations Organisation (UNO) to achieve world peace and international good relations.**

The Nationalist policy is one of defiance and to try to prove that Communism is as bad as South African Nationalism.

**(d) The maintenance of our democratic way of life with its essentials of: Freedom of speech, religion, press and publicity and right of association.**

The Nationalist Party's record in respect of the "freedoms" is already known to the public and there is a definite danger that Fascist tendencies will make themselves felt before long unless the present Government is driven from power. A Government which is kept in power by the Broederbond and the Ossewabrandwag will sooner or later enforce its anti-democratic tendencies.

**(e) The recognition of the value of private enterprise in the development of the country and the right of organisation and association for the country's workers and wage-earners.**

Prior to the general election the Nationalist Party issued a brochure in which it was made clear that trade unions were to be organised on the Nationalist-Socialist basis. That policy is now being carried out and several trade unions have already been "captured" by the Nationalist Party. The wickedness of the policy lies in this, that whereas poor-whitism almost ceased to exist under United Party Government, thousands of wage-earners will revert to poverty conditions if the trade unions are undermined in accordance with Nationalist policy.

The Native and Coloured people's policy of the United Party is set out in a brochure, which can be obtained from any United Party office and need not be dealt with here.

Lastly, we would point out that the United Party stands by the Act of Union and the entrenched clauses in respect of the Provincial Council system, the rights of the Natives to representation in the House of Assembly and the Senate and the right of the Cape Coloured people to be registered on the common voters' rolls. The United Party furthermore stands for equality of language rights and is not prepared to accept Nationalist assurances on that point in view of the present Government's keenness to break its word of honour in order to get a few extra seats in Parliament.

---

### VOICE FROM THE PAST

The Bolshevik (Communist) policy of Russia was that Russians must settle their own affairs without outside interference. The Nationalists believed in the same policy for South Africa. The Communists stood for freedom, so did the Nationalist Party.

—Dr. D. F. Malan (Vryburg, 23/1/1920.)

# NATIONALIST ELECTION STORIES

The Nationalist Party's agents, organisers and officials are never lost for "stories" suitable for plattelanders. The following are a few of them.

**No. 1.**

**United Party propaganda is responsible for the depression which is coming. (It is already here.)**

It is United Party Propaganda — speeches by General Smuts and other leaders of the Party — which has kept South Africa from a worse depression than has so far come. Our propaganda has convinced the world that the Nationalist Party Government has but a short life, and this has prevented the total loss of confidence in the future of our country.

Most important countries have their Ambassadors, Consuls and Agents in the Union of South Africa. They have an "Intelligence" service which reports direct to their own Governments. It is these reports which foreign Governments consult when coming to decisions about South Africa, its Government and our prospects of the future.

In addition, the Nationalist Party Government has a number of propagandists and speakers who are reported in foreign newspapers. The chief of these speakers , one who is also a Cabinet Minister, is Mr. Eric Louw. This gentleman has done more harm to South Africa than any other person except Dr. Malan himself.

Whereas, however, Dr. Malan has made it known to the world that he claims only full right to deal with our Native population as he considers fit, Mr. Eric Louw has gone out of his way to show what a bad lot the rest of the nations of the world are and what a lot of foolish babblers the UNO (United Nations Organisation) is.

Mr. Eric Louw does not believe in the use of the rapier — he is anxious to hit every person with a club on the head if he does not agree with him.

The financial position in which South Africa finds itself to-day is, to a very large extent, due to loss of confidence in our Government on the part of foreign investors. Our shortage of dollars is due chiefly to the fact that the Nationalist Government wanted to introduce a vote-catching Budget the moment it came into power.

**No. 2.**

**The United Party allowed thousands of Natives into the towns, who were not needed for labour. The Nationalist Party claims that its policy is driving them to work on the farms.**

There is a distinct shortage of labour in the industrial areas.

The idea that there are thousands of idle Natives on the Witwatersrand and elsewhere is not in accordance with facts.

Migrant labour is proving insufficient for the industries, and unless the Government provides or subsidises Native housing many industries will be closed down and white men will become unemployed.

There is less Native labour offering itself for farm work than ever. What is going to happen when the Nationalist Government makes the Reserves more attractive?

The answer is: the Natives will stay in the Reserves instead of going out to seek work.

**No. 3.**

**The Nationalist Government cannot raise the price of agricultural products because it is pledged to lower the cost of living.**

The cost of living has already risen by millions of pounds per annum. The official figures show that the cost of living has risen 7 points, despite Mr. Eric Louw's schemes.

Before the general election the Nationalists promised that they would reduce the cost of living but at the same time the producer would get more for his meat, wheat, maize, etc. Neither of these miracles has as yet occurred.

**No. 4.**

**The Nationalist Government provided white bread, whereas the United Party Government, through sheer inefficiency, could not do so.**

There was a world shortage of wheat until the beginning of 1948, then there was a surplus. The United Party at the beginning of 1948 had already arranged for the exchange of maize for wheat.

During the war, ships carrying wheat were sunk by German submarines, but nevertheless there was never any shortage of good bread in South Africa.

**No. 5.**

**Although Mr. Hofmeyr is dead, there are still many Kafferboeties in the United Party.**

The United Party's policy is laid down in a brochure, which can be obtained from any branch of the Party.

Quite recently Nationalists have accused Mr. N. C. Havenga of being a Kafferboetie. So that there are Kafferboeties in the Nationalist Government.

What about Dr. Stals? Is he also a Kafferboetie?

It is foolish to talk about what this man or that man thinks about the Natives. The point is that the Native policy as laid down by the Head Committee of the United Party is there for all to read.

**No. 6.**

**General Smuts has given encouragement to the Natives to organise themselves against the Nationalist Party and Afrikanerdom.**

The truth is the other way about. The Nationalist Party is the only political party which has put up candidates to contest Native seats and to tout for Native votes.

One candidate, who was supported by Dr. Jansen, actually tried to incite the Natives against the "Englishmen." He told the Natives that it was no use electing an Englishman because the Government had no time for Englishmen.

The United Party has published a pamphlet showing Dr. Jansen's letter to the Zulus and the Nationalist candidates' speeches and attempt to inflame the Natives against United Party white men.

**No. 7.**

**The Nationalist Party must be given time to rectify all the mistakes made by the United Party Government.**

The United Party Government did not make any mistakes where the country's real interests were concerned. Proof of that statement is that South Africa was developing at great speed both industrially and economically.

Poor-whitism was disappearing. The farmers were finding their feet. Most people had employment.

To-day the position is fast changing, and if the Nationalist Party remains in power for any length of time the farmers, together with the rest of the community, will be ruined.

The history of 1924 to 1933 will repeat itself.

Maize was then 4s. to 4s. 6d. per bag. On an average 620 farmers went insolvent each year.

Twenty-two thousand white men were working on the roads.

**No. 8.**

**The reason that over £6,500,000 has been allocated for Native education is because the Nationalist Party had to take over the Budget framed by the United Party.**

If this statement is correct, then the reduction in Income Tax and rise in Pension Allowance is also due to the Budget framed by the United Party. The Nationalists cannot have it both ways.

The truth is that the Nationalist Government actually decided to place **an additional £600,000** on the estimates for Native education.

Dr. Stals said:

> "Only £6,000,000 is allocated for Native education and I think this is a low estimate comparatively speaking."
>
> (See English Hansard 2347, 14/9/48; and Afrikaans Hansard 2395, 14/9/48.)

**No. 9.**

**If the Coloured people are not taken off the common Voters' Rolls, they will in time swamp the European population.**

When the old Nationalist Party was in power in 1929, there were approximately 16,000 Natives and 26,000 Coloured people on the voters' roll, a total of 42,000 non-European voters.

These represented 20 per cent of the total registered voters in the Union.

Since that time, the Natives have been given their own representatives in the House of Assembly. (Three representatives in a House of 153 members.)

At the present time (to the end of 1948) the total number of non-Europeans registered in the Union is only 7 per cent of the whole.

---

# THE PROMISES OF "APARTHEID" IN THE GENERAL ELECTION WERE:

(a) LESS NATIVE CRIME.

There has been more Native crime in the past three months than at any time in the history of South Africa.

(b) MORE FARM LABOUR.

Many who voted for Nationalist candidates were under the impression that Natives would be driven out of the towns to seek work on the farms. Many Nationalist candidates promised this.

Since then the Government's responsible Ministers have stated that the Natives in the towns will remain there to provide labour for industries. As a matter of fact, manufacturers are complaining that there is not sufficient Native labour in the town.

Meanwhile the Government has done nothing to encourage Natives to seek work in agriculture.

(c) NO MORE SHANTY TOWNS.

More shanties are being erected round the large towns than ever. The reason is that whilst Natives are required for work in the towns the Government is not providing dwellings for them.

(d) THE GOVERNMENT WILL ELIMINATE COMMUNISM.

The Government has driven more Natives and Coloured people into the Communist camp in six months than there were in the whole of the African Continent before May, 1948.

If the Nationalist Party were a Communist Party, it could not make more recruits for Communism than it is doing at present. Almost every Native is being made to feel that "his Government" is his enemy.

No country can be governed for long on such a policy.

(e) APARTHEID WAS SAID TO BE REAL SEPARATION OF THE WHITE AND COLOURED RACES.

There is not the slightest sign of any act of the Government which will lead to greater separation of races than we already have.

Taking away the little representation that Natives have in Parliament does not lead to any further separation. All it does is to give the Nationalist Party a bigger majority in Parliament.

Taking the Coloured people off the present voters' rolls does not lead to any further separation of races. All it does is to throw out three Native representatives through the back door and admit three Coloured representatives through the front door.

(f) MAKING THE NATIVE RESERVES ATTRACTIVE.

One wonders whether there are more than a couple of dozen Nationalist Party adherents in the whole Union who believe that the Government intends to go forward with its policy.

- (i) Improving the Native reserves so that they can be the cultural and economic base of the Native races.
- (ii) Establishing industries in the Reserves from which Natives can live without having to go out to work.
- (iii) Establishing a form of self-government for the Natives in their own areas.

Apart from what the Fagan Commission has shown can and cannot be done, the question is whether Nationalist Party adherents will be satisfied to forego Native labour in order to see Reserves established on such an independent basis that Natives will no longer seek work on European-owned farms.

---

# PROVINCIAL COUNCIL ELECTIONS, 1949

# The Policy of the United Party

Provincial problems differ somewhat in the various provinces, but the following is what may be classed as the overall policy of the United Party.

(1) Equality of opportunity in matters educational for all European children to be provided by means of:

- (a) Mother tongue instruction in the early stage of the pupil's career.
- (b) The gradual introduction of the second language as a medium of instruction for such periods of the school time as is educationally appropriate.
- (c) Provision of technical and vocational training to fit children for agricultural and industrial life.
- (d) Increased facilities for technical training in rural areas.
- (e) Increased assistance and bursaries for pupils capable of profiting from higher education, inclusive of university courses.
- (f) The provision of at least one good meal per day for school-going children.
- (g) Adequate and frequent medical and dental inspection of school children and provision of free treatment where such is needed.

(2) The Party affirms its policy of providing free hospitalisation on the lines adopted by the Transvaal Provincial Administration. It at the same time recognises the right of the medical profession to certain safeguards in respect of their practices as professional men.

(3) The Party aims at speeding up the construction of good surfaced all-weather roads throughout the Provinces. In particular, it will hasten the construction of roads essential to the development of small farmers and plot-holders. It will also support a policy of fencing Provincial roads.

(4) The Party stands for efficiency in administration and believes that the time has now arrived when the Provinces must provide more attractive service conditions and salaries in order to attract the best engineering and administrative skill.

(5) An equitable system of taxation which will not duplicate taxation already levied by the Central Government, and which will not hinder the industrial development of the Province.

(6) In general the United Party stands for:-

- (a) Wholehearted co-operation between all sections of the European population.
- (b) The maintenance of European civilisation and leadership and unswerving opposition to Communism, Fascism and other forms of undemocratic government.
- (c) A wider outlook in respect of the future role that South Africans are destined to play both in South Africa and in connection with world affairs. It therefore aims at bringing together the children of the main racial stocks, in order that they learn each other's language and learn to understand one another better.

Printed in the Union of South Africa by L. S. Gray & Co. (Pty.) Ltd.
8 Glenluce Road, Glenesk, Johannesburg.

Posbus 3147
Johannesburg

# NUUSBRIEF

KOMMENTAAR OP POLITIEKE VRAAGSTUKKE VAN DIE DAG

Uitgegee deur MARAIS STEYN
Assistent Algemene Sekretaris
VERENIGDE PARTY

NUWE SERIES No. 6 JANUARIE/FEBRUARIE 1949

## DIE VERENIGDE PARTY SE BELEID: WAAR DIT VERSKIL VAN DIE NASIONALE PARTY

Daar is net soveel verskil tussen die beleid en die dade van 'n politieke party as wat daar tussen preek en doen is. Van betreklik resente datum is die verklaarde beleid van dr. Malan (uitgereig deur die Federale Raad van die Nasionale Party), waarin daar gesê word:

> **„U (d.w.s. die Afrikaners) eis, nie as 'n guns nie, maar as 'n reg, dat die ‚Stem van Suid-Afrika' u ENIGSTE VOLKSLIED MOET WEES."**
>
> (Die Groot Beslissing, deur D. F. Malan, gedruk deur die Voortrekkerpers.)

Daar kan geen kwessie hier wees van 'n Republikeinse Plan waarin die Engelse taal-klousule op 'n gerieflike tydstip gerepudieer kan word nie. Dit is die beleidsverklaring van die Nasionale Party, en nie een van sy toevallige propagandistiese slenterslae nie.

Maar ons noem dit bloot in die verbygaan. Die punt was ons wil benadruk, is dit: die Verenigde Party het 'n tradisionele beleid wat hy sedert sy totstandkoming gevolg het, en die publiek weet haarfyn hoe hy sal optree as hy weer aan die bewind kom.

Voor die algemene verkiesing van 1948 het die Verenigde Party 'n program van beginsels, bestaande uit vier-en-twintig punte, uitgereik. Die vernaamste daarvan kan as volg saamgevat word:

**(a) Nasionale eenheid en rasse-samewerking, gegrondves op die algehele gelykheid van die twee vernaamste seksies van die blank bevolking.**

Die Nasionale Party beweer dat hulle ook voorstanders van hierdie beginsel is, maar hulle stel 'n voorwaarde, nl. dat die Engelssprekende seksie republikanisme en die enge Nasionalisme van die Nasionale Party moet aanvaar.

**(b) Deelneeming aan die Vennootskap van die Britse Statebond op die grondslag van gemeenskaplike belang.**

Die Nasionale Party sê dat hy ook bereid is om aan hierdie vennootskap deel te neem ,,wanneer dit in die belang van Suid-Afrika is'' en ,,op dieselfde basis as Ierland.''

**(c) Samewerking met die Verenigde Volkere Organisasie (VVO) in 'n doelbewuste poging om wêreldvrede en 'n goeie verstandhouding tussen alle lande te bewerkstellig.**

Die Nasionale Party se beleid is om die VVO uit te tart, en om te probeer bewys dat Kommunisme net so gevaarlik as Suid-Afrikaanse Nasionalisme is.

**(d) Die instandhouding van ons demokratiese lewenswyse, met al die essensiële voorwaardes wat daaraan verbonde is: vryheid van spraak, gewetensvryheid, vryheid van die pers, vryheid vir publisiteit, en die reg op assosiasie.**

Die Nasionale Party se rekord ten opsigte van hierdie ,,vryhede'' is reeds bekend aan die publiek, en daar bestaan 'n besliste gevaar dat Fascistiese neigings hulle sal openbaar tensy die huidige Regering uit die saal gelig word. 'n Regering wat deur die Broederbond en die Ossewabrandwag aan die bewind gehou word, moet vroeër of later met sy anti-demokratiese neigings voor die dag kom.

**(e) Die erkenning van die waarde van private ondernemings in die ontwikkeling van die land, en die reg op organisasie en assosiasie vir die land se werkers en loontrekkers.**

Voor die jongste algemene verkiesing het die Nasionale Party 'n brosjure uitgereik waarin duidelik aangekondig is dat die vakbonde op 'n nasionaal-sosialistiese grondslag georganiseer sal moet word. Aan daardie beleid word daar tans uitvoering gegee, en etlike vakbonde is reeds deur die Nasionale Party ,,verower.'' Hoe laag en gemeen hierdie beleid is, val 'n mens dadelik op as jy aan die volgende dink. Onder die Verenigde Party-regering was daar feitlik nie so iets soos 'n armblanke in Suid-Afrika nie, maar as die vakbonde ondermyn word in ooreenstemming met die beginsels van die Nasionale Party sal duisende werkers een van die mooi dae in die allergrootste armoede gedompel word.

Die Verenigde Party se beleid ten opsigte van die naturelle en kleurlinge word uiteengesit in 'n brosjure wat by enige kantoor van die Party verkrygbaar is, en gevolglik hoef ons nie hier daarop in te gaan nie.

Ten slotte wil ons daarop wys dat die Verenigde Party rotsvas agter die Suid-Afrika-Wet en die verskanste klousules staan, wat betref die Provinsiale Raadstelsel, die reg van die naturelle op verteenwoordiging in die Volksraad en die Senaat, en die reg van die Kaapse kleurlinge om op die gemeenskaplike kieserslys geregistreer te word. Daarbenewens is die Verenigde Party 'n voorstander van gelyke taalregte. Hy is nie bereid om die Nasionale Party se versekerings in hierdie verband te aanvaar nie, gesien die huidige Regering se gretigheid om sy beloftes te verbreek bloot om 'n paar ekstra setels in die Volksraad te verkry.

# DIE NASIONALISTE SE VERKIESINGSTORIES

Die Nasionale Party se agente, organiseerders en amptenare het die kuns om plattelanders op ,,verkiesingstories'' te vergas, volmaak aangeleer. Hier volg 'n paar van die stories wat hulle op die platteland rondvertel.

**No. 1.**

**Die Verenigde Party se propaganda is verantwoordelik vir die depressie wat aan die kom is. (Dis reeds hier.)**

Dis die Verenigde Party se propaganda—die toesprake deur genl. Smuts en ander leiers van die Party —wat Suid-Afrika gevrywaar het teen 'n baie erger depressie as die een wat ons op die oomblik ondervind. Ons propaganda het die wêreld oortuig dat die Nasionale Party nie baie lank aan bewind sal bly nie. En dit het die algehele verlies van vertroue in die toekoms van ons land voorkom.

Die meeste belangrike lande het ambassadeurs, konsuls en agente in die Unie van Suid-Afrika. Hulle het 'n ,,inligtingsdiens'' wat verslag regstreeks aan hul eie regerings doen. Hierdie verslae word geraadpleeg voordat die betrokke regerings enige besluite in verband met Suid-Afrika, sy regering of sy vooruitsigte neem.

Dan ook: die Nasionale Party het 'n aantal propagandiste en woordvoerders wie se toesprake in die buitelandse pers gerapporteer word. Die vernaamste van hierdie woordvoerders (hy is terloops ook 'n kabinetsminister) is adv. Eric Louw. Hierdie heer het Suid-Afrika reeds meer kwaad gedoen as enige ander persoon — behalwe dr. Malan self.

Dr. Malan het die wêreld egter net verwittig dat hy vir homself die reg toeëien om die naturelle van die Unie te behandel soos hy dit goed ag. Daarenteen het adv. Eric Louw uit sy pad gegaan om aan die ander volke van die wêreld te vertel hoe sleg hulle is. Hy skroom ook nie om te sê dat die Organisasie van Verenigde Volke niks anders as 'n klomp babbelaars is nie.

Adv. Eric Louw glo nie aan die gebruik van 'n rapier nie. Enige persoon wat nie met hom saamstem nie, word figuurlik met 'n knuppel oor die kop gemoker.

Die benarde finansiële posisie waarin Suid-Afrika hom op die oomblik bevind, is in 'n baie groot mate te wyte aan die feit dat buitelandse beleggers vertroue in ons regering verloor het. Ons dollar-tekort is hoofsaaklik te wyte aan die feit dat die Nasionale Party 'n begroting, wat stemme vir hom sou werf, by die eerste die beste geleentheid ingedien het.

**No. 2.**

**Die Verenigde Party laat duisende naturelle, vir wie daar geen werk is nie, toe om die stede binne te kom. Daareenteen word hierdie naturelle deur die Nasionale Party se beleid gedwing om op die plase te gaan werk.**

Daar is 'n groot tekort aan arbeiders in die industriële gebiede. Die storie dat daar duisende werklose naturelle aan die Witwatersrand en elders is, stem nie ooreen met die feite nie.

Daar is nie genoeg trekarbeiders om in die behoeftes van ons nywerhede te voorsien nie, en tensy die Regering bereid is om naturelle-behuising te verskaf en te subsidieer, sal baie van ons nywerhede tou moet opgooi. Die gevolg sal wees dat talle blankes hul werk sal verloor.

Minder naturelle as ooit tevore soek vandag werk op ons plase. Wat gaan gebeur as die Nasionale Party die reserwes ,,aantrekliker'' maak, soos hulle beloof het om te doen?

Die antwoord is natuurlik dat die naturelle dan in die reserwes sal bly, pleks van werk op die plase te kom soek.

**No. 3.**

**Die Nasionale Party kan nie die prys van landbou-produkte verhoog nie, omdat hy beloof het om die lewenskoste te verminder.**

Die lewenskoste het reeds met miljoene ponde per jaar gestyg. Die amptelike syfers toon aan dat ondanks al adv. Eric Louw se mooi plannetjies die lewenskoste met 7 punte toegeneem het. Voor die algemene verkiesing het die Nasionaliste beloof dat hulle die lewenskoste gaan verminder, maar dat die produsent terselfdertyd meer vir sy vleis, koring, mielies, ens., sou kry. Geeneen van hierdie wonderwerke het tot dusver gebeur nie.

**No. 4.**

**Die Nasionale Party het wit brood beskikbaar gestel—iets wat die Verenigde Party-regering nie by magte was om te doen nie.**

Tot begin van die jaar 1948 was daar 'n wêreldwye tekort aan koring. Toe skielik was daar 'n surplus Teen die begin van 1948 het die Verenigde Party reeds reëlings getref om mielies vir koring te ruil.

Gedurende die oorlog is baie skepe wat koring vervoer het deur Duitse duikbote tot sink gebring. Desnieteenstaande was daar nooit 'n tekort aan goeie brood in Suid-Afrika nie.

**No. 5.**

**Alhoewel mnr. Hofmeyr oorlede is, is daar nog baie kafferboeties in die Verenigde Party.**

Die Verenigde Party se beleid word uiteengesit in 'n brosjure wat verkrygbaar is by enige takkantoor van die Party. Tot onlangs toe het die Nasionaliste mnr. Havenga ook uitgeskel vir 'n Kafferboetie. Dus is daar vandag Kafferboeties in die Nasionale Party-regering.

Wat omtrent dr. Stals? Is hy ook 'n Kafferboetie?

Dis dwaas om te praat oor wat hierdie of daardie man omtrent die naturelle te sê het. Die belangrike punt is dit: die naturelle-beleid van die Verenigde Party, soos opgestel deur die Hoofkomitee van die Party, is daar vir almal om te lees.

**No. 6.**
**Genl. Smuts moedig die naturelle aan om te organiseer teen die Nasionale Party en die Afrikanerdom.**

Net die teenoorgestelde is waar. Dis Nasionale Party is die enigste politieke party wat kandidate in die naturelle-kiesafdelings gestel en hard na die naturelle se stem gevry het.

Een kandidaat wat deur dr. Jansen gesteun is, het die naturelle in werklikheid teen die ,,Engelse'' probeer oprui. Hy het aan die naturelle vertel dat dit hulle niks sal baat om vir 'n Engelsman te stem nie, aangesien die Regering geen tyd vir Engelsmanne het nie.

Die Verenigde Party het 'n brosjure gepubliseer waarin dr. Jansen se brief aan die Zoeloes en die Nasionale Party-kandidaat se toesprake en sy pogings om die naturelle teen die blankes in die Verenigde Party aan te hits, volledig uiteengesit word.

**No. 7.**
**Die Nasionale Party het tyd nodig om al die foute van die Verenigde Party reg te maak.**

Vir sover dit die land se werklike belange betref, het die Verenigde Party geen foute begaan nie. Die bewys hiervan is die feit dat Suid-Afrika onder die Verenigde Party verbasend vinnig vooruitgegaan het op industriële en ekonomiese gebied.

Die armblankedom was vinnig aan die verdwyn. Boere het op die been gekom. Die meeste mense het werk gehad.

Vandag is hierdie posisie vinnig aan verander. As die Nasionale Party veel langer aan bewind bly, sal die boere sowel as die res van die gemeenskap ongetwyfeld geruïneer word.

Die geskiedenis van 1924 tot 1933 sal hom herhaal.

Destyds was mielies 4s. tot 4s. 6d. per sak. Gemiddeld 620 boere het iedere jaar bankrot gespeel. 22,000 blankes het op die paaie gewerk.

**No. 8.**
**Die rede waarom meer as £6,500,000 vir naturelle-onderwys toegeken is, is omdat die Nasionale Party die begroting wat deur die Verenigde Party opgestel is, moes oorneem.**

As hierdie bewering waar is, dan moet die vermindering van inkomstebelasting en die verhoging van pensioene ook toegeskryf word aan die Verenigde Party se begroting. Die Nasionaliste kan kies. Of albei is waar, of geeneen is waar nie.

Die waarheid van die saak is natuurlik dat die Nasionale Party-regering besluit het om 'n **addisionele bedrag van £600,000** aan naturelle-onderwys te bestee.

Dr. Stals het gesê:

> ,,Slegs £6,000,000 word vir naturelle-onderwys bewillig, en, volgens my mening, is dit, betreklikerwys gesproke, 'n klein bedrag.''
> (Sien Afrikaanse Hansard 2395, 19/9/48.)

**No. 9.**
**As die name van kleurlinge nie van die gemeenskaplike kieserslyse verwyder word nie, sal die kleurlinge op die ou end sterker as die blankes wees.**

Toe die ou Nasionale Party in 1929 aan bewind was, was daar ongeveer 16,000 naturelle en 26,000 kleurlinge op die kieserslys — 'n totaal dus van 42,000 nieblanke kiesers.

Hulle het 20 persent van die totale aantal geregistreerde kiesers in die Unie uitgemaak.

Sedertdien het die naturelle hul eie blanke verteenwoordigers in die Volksraad gekry. (Drie verteenwoordigers in 'n Raad van 153 lede.)

Tans (d.w.s. teen die einde van 1948) is die totale aantal geregistreerde nie-blanke kiesers in die Unie slegs 7 persent van die groottotaal.

# DIE ,,APARTHEIDSBELOFTES'' GEDURENDE DIE ALGEMENE VERKIESING WAS:

(a) MINDER NATURELLE-MISDAAD.

Gedurende die afgelope 3 maande was daar meer naturelle-misdaad as gedurende enige ander tydperk in Suid-Afrika se geskiedenis.

(b) MEER PLAASARBEIDERS.

Talle mense wat vir die Nasionale Party se kandidate gestem het, was onder die indruk dat die naturelle uit die stede verdryf sou word om werk op die plase te gaan soek. Baie Nasionale kandidate het hulle dit trouens beloof.

Sedertdien het die Regering se verantwoordelike ministers gesê dat die naturelle in die stede daar sal moet bly om arbeid aan ons nywerhede te verskaf. Om die waarheid te sê, fabrikante kla dat daar nie genoeg naturelle-arbeiders in die stede is nie.

Intussen het die Regering niks gedoen om naturelle aan te moedig om werk op ons plase te gaan soek nie.

(c) GEEN PONDOK-DORPE MEER NIE.

Meer pondokke word tans rondom die groot stede opgerig as ooit tevore. Die rede is eenvoudig. Terwyl daar van die naturelle verlang word om in die stede te werk, doen die Regering niks om hulle van huise te voorsien nie.

(d) DIE REGERING SAL KOMMUNISME UITSKAKEL.

Gedurende die afgelope 6 maande het die Regering van meer naturelle en kleurlinge Kommuniste gemaak as wat daar voor Mei 1948 op die hele vasteland van Afrika was.

As die Nasionale Party 'n kommunistiese party was, kon hy nie meer rekrute vir Kommunisme gewerf het as wat hy op die oomblik doen nie. Byna iedere naturel in die land voel vandag dat ,,sy Regering'' sy vyand is.

Geen land kan baie lank volgens so 'n beleid geregeer word nie.

(e) Daar is beweer dat apartheid werklike skeiding tussen die blanke en die gekleurde rasse beteken.

Daar is geen die geringste bewys dat enige daad van die Regering groter skeiding tussen die rasse teweeg sal bring as wat daar nog altyd in ons land was nie.

Om die naturelle se geringe verteenwoordiging in die Parlement weg te neem, sal geen verdere skeiding teweegbring nie. Al wat dit sal doen, is om die Nasionale Party 'n groter meerderheid in die Parlement te gee.

Om die kleurlinge se name van die huidige kieserslyste te skrap, sal ook nie verdere skeiding teweegbring nie. Al wat dit sal doen is om drie naturelleverteenwoordigers by die agterdeur uit te skop en drie kleurling-verteenwoordigers by die voordeur in te laat.

(f) DIE NATURELLE-RESERWES SAL AANTREKLIKER GEMAAK WORD.

'n Mens wonder of daar 'n dosyn aanhangers van die Nasionale Party in die hele Unie is wat werklik glo dat die Nasionaliste van plan is om uitvoering te gee aan sy beleid, nl.:-

(i) Om die naturelle reserwes in so 'n mate te verbeter dat hulle die kulturele en ekonomiese basis van die naturelle-rasse sal word.

(ii) Om nywerhede in die reserwes op te rig sodat die naturelle 'n heenkome kan vind sonder om werk elders te gaan soek.

(iii) Om die naturelle 'n mate van selfbestuur in hul eie gebiede te gee.

Afgesien van wat, volgens die Fagan-kommissie, gedoen en nie gedoen kan word nie, is die vraag of die Nasionale Party se aanhangers tevrede sal wees om hul naturelle-arbeiders te verloor sodat die naturelle-reserwes so onafhanklik gemaak kan word dat dit vir die naturelle nie langer nodig sal wees om werk op die plase van blankes te kom soek nie.

# DIE VERENIGDE PARTY SE NATURELLE-BELEID

Die beleid van die Verenigde Party vir sover dit die naturelle betref, is gegrond op vyf fundamentele beginsels :-

**(a) Die Party erken dat daar rasse- en kultuurverskille tussen die blankes en die naturelle is, en is derhalwe 'n voorstander van maatskaplike en residensiële skeiding—iets wat in belang van albei bevolkingsgroepe is.**

**(b) Die Party erken dat die meeste naturelle buite die reserwes woonagtig is. Die merendeel van hulle is ontstam, en baie van hulle ken geen ander omgewing as die stede en die dorpe, of die plase wat aan blankes behoort nie. Waar nodig, moet hulle dus van huise en ander noodsaaklike geriewe voorsien word, en hulle moet opgelei word sodat hulle hul eie mense kan help.**

**(c) Die Party erken dat dit in die belang van die naturelle self is dat die reserwes sover moontlik die nasionale en kultuurbasis van die naturelle-gemeenskap moet bly, en dat nie alleen die oppervlakte nie, maar ook die dra-vermoë van hierdie reserwes uitgebrei en ontwikkel moet word.**

**(d) Die Party erken dat die naturelle, as burgers en belastingbetalers, soos op die oomblik verteenwoordig moet word in die Volksraad en die Senaat deur blankes wat deur die naturelle self gekies is.**

**(e) Die Party erken dat dit nodig is om die vrye toestroming van naturelle-arbeiders na die myne, plase, nywerhede en ander werkkringe deur middel van 'n registrasie-stelsel en arbeidsburo's te reguleer.**

Hierdie beleid word volledig uiteengesit in 'n brosjure wat deur die Verenigde Party gepubliseer en gratis verkrygbaar is by enige takkantoor van die Party.

Die Verenigde Party het 'n positiewe en vooruitstrewende beleid wat:-

(1) die blanke beskawing sal red;

(2) die produktiewe rykdom van Suid-Afrika sal verhoog;

(3) harmonie en samewerking tussen die blankes en die naturelle teweeg sal bring;

(4) rasse-onluste en bloedvergieting sal voorkom;

(5) meer en beter arbeidskragte vir nyweraars en boere sal verseker;

(6) pondokdorpe, agterbuurtes en die broeiplekke van misdaad sal uitroei;

(7) misdaad onder naturelle-kinders sal teenwerk.

---

**'N STEM UIT DIE VERLEDE**

Die Bolsjewistiese (Kommunistiese) beleid van Rusland is dat die Russe hul eie sake moet behartig, sonder inmenging van buite. Die Nasionaliste glo aan dieselfde beleid vir Suid-Afrika. Die Kommuniste is voorstanders van vryheid en dit geld ook vir die Nasionale Party.

—Dr. D. F. Malan (Vryburg, 23/1/1920).

Gedruk in die Unie van Suid-Afrika deur L. S. Gray en Kie (Edms.) Bpk.,
Glenluceweg 8, Glenesk, Johannesburg.

29 APR 1949

Posbus 3147
Johannesburg

# NUUSBRIEF

KOMMENTAAR OP POLITIEKE VRAAGSTUKKE VAN DIE DAG

Uitgegee deur
MARAIS STEYN
Assistent-Algemene Sekretaris
VERENIGDE PARTY

NUWE SERIES No. 7 MAART/APRIL 1949

## HOE DIE STEMME UITGEBRING IS IN DIE PROVINSIALE RAADSVERKIESING, 1949

| | Verenigde Party. | Nasionale Party. | Arbeids-party. | Onafhank-likes. | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| TRANSVAAL: 49 bestrede setels (Ermelo word as 'n Nasionale Party-setel beskou) ... ... ... ... ... ... ... | 168,061 | 184,700 | 10,172 | 3,112 | 366,045 |
| KAAPLAND: 38 bestrede setels ... ... ... ... ... ... | 154,962 | 148,584 | 6,373 | 7,704 | 317,623 |
| NATAL: 17 bestrede setels ... ... ... ... ... ... | 45,436 | 14,650 | 2,335 | 6,318 | 68,739 |
| DIE VRYSTAAT: 23 bestrede setels ... ... ... ... ... | 25,002 | 57,122 | — | 37 | 82,161 |
| | 393,461 | 405,056 | 18,880 | 17,171 | 834,568 |
| ONBESTREDE SETELS: TOELAE AAN DIE VERENIGDE PARTY: | | | | | |
| 2 setels in die Vrystaat wat nie bestry is nie teen 750 per setel ... | 1,500 | — | — | — | — |
| 8 Natalse setels wat onbestrede verower is teen 3,500 per setel ... | 28,000 | — | — | — | — |
| 12 Kaaplandse setels wat onbestrede verower is teen 5,000 per setel ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 60,000 | — | — | — | — |
| 5 Kaaplandse setels wat nie bestry is nie teen 1,500 per setel ... | 7,500 | — | — | — | — |
| 14 Transvaalse setels wat onbestrede verower is teen 5,000 per setel ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 70,000 | — | — | — | — |
| 2 Transvaalse setels wat nie bestry is nie teen 2,000 per setel ... | 4,000 | — | — | — | — |
| ONBESTREDE SETELS: TOELAE AAN DIE NASIONALE PARTY: | | | | | |
| 2 Vrystaatse setels wat onbestrede verower is teen 2,500 per setel | — | 5,000 | — | — | — |
| 16 Natalse setels wat nie bestry is nie teen 500 per setel ... ... | — | 8,000 | — | — | — |
| 12 Kaaplandse setels waar die V.P. onbestrede verkies is teen 1,000 per setel ... ... ... ... ... ... ... | — | 12,000 | — | — | — |
| 5 Kaaplandse setels wat onbestrede verower is teen 4,500 per setel ... ... ... ... ... ... ... ... ... | — | 22,000 | — | — | — |
| 4 setels op die Kaapse Skiereiland wat nie bestry is nie teen 500 per setel ... ... ... ... ... ... ... | — | 2,000 | — | — | — |
| 14 Transvaalse setels wat nie bestry is nie teen 1,000 per setel ... | — | 14,000 | — | — | — |
| 2 Transvaalse setels wat onbestrede verower is teen 5,000 per setel ... ... ... ... ... ... ... ... ... | — | 10,000 | — | — | — |
| 1 Transvaalse setel wat nie bestry is nie teen 500 per setel ... | — | 500 | — | — | — |
| | 564,461 | 479,056 | 18,800 | 17,171 | 1,079,568 |

| | |
|---|---|
| Van die totale aantal stemme in die bestrede kiesafdelings het die Regeringsparty gekry ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 405,056 |
| Die Opposisie het gekry ... ... ... ... ... ... | 429,512 |
| Die Regering het dus 'n minderheid van ... | 24,456 |

d.w.s. nadat hy die setels gekies het waarin hy gehoop het om die meeste welslae te behaal.

Wanneer rekening gehou word met die kiesafdelings waarin daar geen verkiesing plaasgevind het nie, kom die volgende egter aan die lig:

| | |
|---|---|
| Verenigde Party ... ... ... ... ... ... ... ... | 564,461 |
| Arbeidsparty ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 18,880 |
| Onafhanklikes ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 17,171 |
| | 600,512 |
| Regeringsparty ... ... ... ... ... ... ... ... | 479,056 |
| Regeringsminderheid ... ... ... ... ... ... ... | 121,456 |

Daar moet gelet word op die feit dat die Regeringsparty 'n ruimskootse toelae gekry het vir die kiesafdelings waar sy kandidate onbestrede verkies is, of waar hy geen kandidate gestel het nie — in werklikheid baie meer as die aantal stemme wat hy sou gekry het as daar 'n verkiesing in die betrokke kiesafdelings plaasgevind het.

Die persentasie stemme wat die Regeringskandidate gekry het, is minder as 45 persent.

**Bestrede Setels in Kaapland:**

Van die bestrede setels het die Nasionale Party 21 verower met altesaam 148,584 stemme. Die gemiddelde koste per setel vir die Nasionale Party was dus 7,363 stemme.

Die Verenigde Party het 16 setels verower met altesaam 154,962 stemme. Die gemiddelde koste per setel vir die Verenigde Party was dus 9,685 stemme.

**Bestrede Setels in Transvaal:**

Van die bestrede setels het die Nasionale Party 33 verower met altesaam 184,700 stemme. Die gemiddelde koste per setel vir die Nasionale Party was dus 5,596 stemme.

Die Verenigde Party het 13 setels verower met altesaam 168,061 stemme. Die gemiddelde koste per setel vir die Verenigde Party was dus 12,928 stemme.

**Bestrede Setels in Natal:**

In 8 bestrede kiesafdelings het die Nasionale Party 2 setels verower met altesaam 13,911 stemme: 6,955 stemme per setel.

**Bestrede Setels in die Vrystaat:**

In die 23 bestrede setels in die Vrystaat het die Verenigde Party een setel vir 25,002 stemme verower.

Die Nasionale Party het 22 setels verower met altesaam 57,122 stemme. Die gemiddelde koste per setel vir die Nasionale Party was dus 2,596 stemme.

**Syfers vir die Hele Unie:**

As die syfers vir die hele Unie in rekening gebring word (in die bestrede kiesafdelings alleen) het die Nasionale Party 78 setels verower met altesaam 404,317 stemme. Die gemiddelde koste per setel was dus 5,183 stemme.

Die Verenigde Party het 44 setels verower met altesaam 393,461 stemme.

As die onbestrede kiesafdelings egter bygereken word, plus die toelaes aan iedere Party, kry ons die volgende posisie:

Die Nasionale Party het 87 setels verower met altesaam 479,056 stemme. Die gemiddelde koste per setel was dus 5,506 stemme.

Die Verenigde Party het 78 setels verower met altesaam 564,461 stemme. Die gemiddelde koste per setel was dus 7,236 stemme.

Die syfers vir die Provinsiale Raadsverkiesing spreek boekdele. Afgesien van die ,,lading'' en ,,ontlading'' van setels — wat in sommige gevalle 12,000 kiesers in 'n stedelike en 7,000 in 'n plattelandse kiesafdeling beteken — is die feit dat die Engelssprekende bevolking saamegetrek is in 'n paar kusstede en aan die Witwatersrand klaarblyklik ten gunste van die Nasionale Party.

As die groot meerderhede wat deur die Verenigde Party verky is, oor 'n uitgestrekter gebied versprei kon word, sou dit ons in staat stel om die meeste setels te verower. Nietemin, die feit dat die Verenigde Party 55 persent van die kiesers verteenwoordig, en die Regeringsparty minder as 45 persent, behoort 'n waarskuwing vir die Regering te wees om nie die konstitusionele regte van die volk in te kort nie. Of die Regering die Nazi- en Kommunistiese tegniek gaan volg, en die wense van die meerderheid van die volk sal veronagsaam, is iets wat die toekoms ons sal moet leer.

# DEPRESSIES EN LOGIKA

Eers was dit genl. Smuts wat die depressie veroorsaak het. Toe was dit die banke; en vandag is die finansiers verantwoordelik daarvoor. Maar verwag die Nasionale Party nou werklik die publiek moet glo dat die finansiers, die banke en groot handelaars doelbewus 'n ekonomiese posisie skep wat op hul eie ondergang sal uitloop — net om die Nasionale Party in diskrediet te bring?

Groot sake-ondernemings — en klein sake-ondernemings ook, wat dit betref — maak hulle nie besorgd oor die politieke samestelling van die Regering nie. Hulle maak hulle net besorgd oor die dade van daardie Regering. En ongelukkig is dit die dade van die Nasionale Party-regering wat besig is om 'n depressie te skep.

Gedurende die jare 1924 tot 1932 was daar ook 'n Nasionale Party-regering aan bewind, en die aandelebeurs het nie gedaal behalwe toe die regering hardnekkig aan die goudstandaard bly vaskleef het nie. In elk geval, die Nasionale Party-regering van daardie dae het nie beweer dat die depressie van die jare 1929 tot 1932 aan die banke of aan die finansiers te wyte was nie.

Waarom sluit die Nasionaliste hul oë vir die feit dat enge nasionalisme en voorspoed nie hand aan hand kan gaan nie? Die geskiedenis is net besig om hom te herhaal. Omdat daar in 1929 'n Nasionale Party-regering aan bewind was, het 22,000 blankes teen 3s. 6d. per dag op ons paaie gewerk. Omdat 'n Nasionale Party-regering aan bewind was, het meer as 600 boere iedere jaar bankrot gespeel, en is mielies teen 4s. 6d. per sak verkoop. Om daardie rede ook is blankes op die Spoorweë in diens geneem teen 5s. 6d. per dag, sonder enige toelaes.

---

### VOORUITGANG ONDER DIE NASIONALE PARTY-REGERING

Die Minister van Lande verstrek die volgende inligting in verband met die vordering (?) wat met besproeiingswerke gemaak is:

Mentz-meer — die werk is vertraag.
Leboevoe-opgaarskema — die werk is tydelik gestaak.
Klipdam-Barkly-Wes-kanaal — die werk is tydelik gestaak.
Laer Rietrivier-studamme — die werk is tydelik gestaak.
Bronkhorst-ontwikkelingskema — die werk is vertraag.
Rietrivier-besproeiingskema — die werk is vertraag.
Kaboesierivier-ontwikkelingskema — die werk het nog nie begin nie weens 'n tekort aan materiaal.

Klipplaatrivier-ontwikkelingskema — die werk het nog nie begin nie weens 'n tekort aan materiaal.

Ohrigstad-opgaarskema — die werk het nog nie begin nie weens 'n tekort aan materiaal.

—Hansard, 1/2/49.

# DIE KLEURLINGE SE STEM

Voor die jongste Provinsiale Raadsverkiesing het dr. Donges, die Minister van Binnelandse Sake, in die Volksraad aangekondig dat daar altesaam minder as 50,000 kleurlinge op die kieserslyste is, in teenstelling met meer as 1,500,000 blankes.

Die kleurling-kiesers is versprei oor 55 Kaaplandse kiesafdelings. Met ander woorde, daar is gemiddeld 910 stemgeregtigde kleurlinge in iedere parlementêre kiesafdeling. Die persentasie kleurlinge wat hul stemme uitbring, is veel kleiner as die persentasie blankes (weens hul beweging na hul werkplekke). Nie meer as 60 persent van die kleurlinge doen ooit die moeite om te stem nie. Dit beteken dat gemiddeld 546 kleurlinge in iedere parlementêre kiesafdeling hul stemme uitbring.

'n Goeie aantal kleurlinge stem vir die Nasionale Party, want hulle werk by boere wat aan die Nasionale Party behoort, en hierdie boere, net soos die lede van ander politieke partye, werf die stemme van hul kleurlingsarbeiders.

Dis derhalwe redelik om aan te neem dat die Verenigde Party gemiddeld 400 kleurlingstemme per kiesafdeling kry.

Van die 28 setels wat die Verenigde Party met die Provinsiale Raadsverkiesing verower het, is almal, behalwe ses, met meerderhede van meer as 1,000 stemme gevat. In die 38 kiesafdelings wat die Verenigde Party in Kaapland bestry het, het hy 154,962 stemme gekry, of gemiddeld 9,685 per kiesafdeling. Maar ondanks die feit dat die Verenigde Party 400 kleurlingstemme uit 'n totaal van 9,685 stemme gekry het, verklaar dr. Malan dat die Verenigde Party 'n kleurling-party geword het. In Transvaal sê die Nasionale Party dat die Verenigde Party 'n party van Engelssprekendes is.

Volgens ,,Die Transvaler,'' die Nasionale Party se koerant in die Noorde, het die Verenigde Party gemiddeld 290 kleurlingstemme per kandidaat gekry.

Dr. Malan, net soos die meeste lede van sy kabinet, het deesdae die skone bewerasie. Sonder die minste twyfel word dit veroorsaak deur die wete dat sy Regering 'n minderheid van die kiesers in hierdie land verteenwoordig, en te enige oomblik uitgeskop kan word. Daarby weet hy baie goed dat ,,apartheid'' nie langer die towerwoord is wat dit 'n paar maande gelede was nie. In hierdie gemoedstemming het hy 'n verklaring aan die pers gedoen (,,Cape Times,'' 12/3/49) waarin hy o.m. gesê het:

**,,Op politieke gebied verval die blanke bevolking van die Westelike Provinsie steeds meer en meer in die wurggreep van die nie-blankes. Onregstreeks gebeur dit ook met die hele blanke bevolking van die Unie, waarvan die Westelike Provinsie slegs 'n deel—maar 'n baie belangrike deel—is.''**

Sy verklaring was bedoel om 'n verdere ,,bewys'' te verskaf van die noodsaaklikheid om die politieke regte van die kleurlinge weg te neem. Dit is glo ook 'n verdere ,,rede'' waarom die beloftes van die meeste lede van sy kabinet verbreek en die grondwet van die land oor die hoof gesien moet word.

Kan enige mens met gesonde verstand vir 'n oomblik glo dat vertroue in Suid-Afrika herstel sal word solank hierdie Regering aan die bewind bly?

---

### AFRIKANER-NAME

Die jongste slenterslag van die Nasionale Party se propagandiste is om die platteland onder die indruk te probeer bring dat die Verenigde Party tans 'n Engelssprekende en kleurlingparty is. Volgens die Nasionale Party se koerante het net eenvyfde van die Verenigde Party se Provinsiale Raadslede in Transvaal Afrikaanse name.

Die waarheid van die saak is dit: ondanks die nederlaag wat die Verenigde Party in die plattelandse kiesafdelings gely het, is daar elf Afrikaanssprekendes onder die 27 Verenigde Party-lede in die nuwe Raad. Hulle is:-

| | |
|---|---|
| T. A. N. Lorentz | Pretoria Stad. |
| H. C. de Kock | Pretoria Oos. |
| Mev. M. M. Curson | Pretoria Sunnyside. |
| H. Pienaar | Alberton. |
| P. A. Venter | Boksburg. |
| C. Vlok | Johannesburg Noord. |
| C. J. van den Heever | Nigel. |
| B. Coetzee | Parktown. |
| J. D. Pretorius | Roodepoort. |
| Mev. E. A. Grobbelaar | Turffontein. |
| J. J. Coetzee | Noordoos-Rand. |

Die Nasionale Party se koerante probeer die weg voorberei vir die invoering van Christelik-Nasionale Onderwys. Daarom wil hulle kwansuis ,,aantoon'' dat die Verenigde Party nie die reg het om namens enige seksie van die Afrikaanssprekende bevolking te praat nie.

Wat ons graag wil sien, is 'n lys van Engelssprekende lede van die Nasionale Party in die Provinsiale Raad. Beweer die Nasionale Party dan nie dat hy die volk verteenwoordig nie? Of is dit net 'n klein seksie van die volk?

---

### VRYE SPRAAK?

Volgens ,,Die Burger'' (1/2/49) het die Joodse Raad van Afgevaardigdes aan die Eerste Minister, dr. Malan, geskryf in verband met die antisemitiese toespraak wat Leibbrandt op Parys afgesteek het.

Die Eerste Minister het geantwoord **dat die Regering geen beheer kan uitoefen oor die private bedrywighede van mnr. Robey Leibbrandt as 'n individu nie.**

Ons wil graag weet of hierdie reël ook van toepassing is op die Kommuniste en die sogenaamde naturelle-agitators. En as dit ook van toepassing is op die pers, waarom word ons koerante gedurig bedreig as hulle nuus versprei waarvan die Nasionaliste nie hou nie?

## HUISE EN BELOFTES

Die Minister van Volkswelsyn, dr. A. J. Stals, verklaar dat daar in Johannesburg alleen, op 31 Desember 1948, 18,877 families was wat huisvesting gesoek het en by die Huurkontroleur geregistreer was. (Die jongste syfer is 25,000.)

—Hansard, 1/2/49.

## DIE VOLK SE SPAARGELD

Teen die einde van Desember 1947 was £32,369,133 van die volk van Suid-Afrika se spaargeld in Unie-leningsertifikate belê. Teen die einde van 1948 het hierdie bedrag tot £29,185,560 gedaal.

—Hansard, 4/2/49.

## HUISE VIR NAT.-MINISTERS

Die Regering het twee huise in Kaapstad gekoop vir Ministers van die Nasionale Party-regering. Een is deur die munisipaliteit teen £2,790 gewaardeer, maar die Regering het £10,000 daarvoor betaal. Die munisipale waardasie van die ander een, wat deur die Regering vir £9,000 aangekoop is, is £1,875.

—Minister van Openbare Werke, Mnr. B. J. Schoeman, Hansard, 4/2/49.

## VERENIGDE PARTY-BELEID

Die Nasionale Party-regering het die verslage van die Visserye-ontwikkelingskorporasie gepubliseer. Dit toon aan dat voor die Nasionaliste aan die bewind gekom het, die winste van die korporasie in die jaar geëindig September 1948, met byna 50 persent gestyg het.

Die Verenigde Party het £211,725 in die visserybedryf belê. Die markwaarde van die Regering se aandele in hierdie bedryf is tans £900,000.

## DIE REGTE VAN DIE ENGELSE

,,Die Transvaler'' (11/2/49) beskuldig die Verenigde Party daarvan dat hy rassehaat probeer aanwakker het deur die volgende advertensie te publiseer:

**,,Watter waarde kan ons heg aan hulle (die Nasionaliste) se beloftes dat die twee landstale gelykop behandel sal word as hulle voornemens is om hul ere-woord ten opsigte van die ander verskanste klousules van die Suid-Afrika-wet te verbreek.''**

Die leier van die Nasionale Party — wyle genl. Hertzog — wou op 7 November 1940 weet:

**,,Waarom is die artikel wat voorsiening maak vir gelyke regte, en wat nog altyd in die Nasionale Party se Konstitusie verskyn het, nou weggelaat?''**

Miskien kan mnr. Havenga hierdie vraag beantwoord. Hy, per slot van rekening, was een van diegene wat uit die Nasionale Party se kongres gestap het toe ,,gelyke regte'' geskrap is.

In Maart 1941 het die Federale Raad van die Nasionale Party op Stellenbosch vergader en onder meer verklaar dat hy gekant is teen die vyftig-vyftig-beginsel vir sover dit taal, die vlag en die volkslied betref. Hierdie verklaring is aanvaar deur die Nasionale Party se kongres, en het deel geword van die program van die Nasionale Party. ,,Die Transvaler'' weet tog seker waarna die Nasionale Party streef!

## RAAI WIE DIT GESE HET?

Ons kan nie alleen leef, in vrede nie. Ons welsyn hang af van ander volke, naby en ver. Ons moet lede wees van die gemeenskap van mense.

—Roosevelt.

**As u iedere maand 'n eksemplare van die Verenigde Party se Nuusbrief wil ontvang, vul asseblief hierdie koepon in en pos dit aan:**

**NUUSBRIEF,**
**POSBUS 3147,**
**JOHANNESBURG.**

**Stuur asseblief 'n jaarlikse subskripsie van 1/-, 5/- of £5, trouens, enige bedrag wat u wil, om die koste van verspreiding te help dek.**

**Naam** ..........................................................

**Adres** ..........................................................

..........................................................

..........................................................

(Drukskrif, asseblief.)

**Bedrag ingesluit ... £ : : .**

Gedruk in die Unie van Suid-Afrika deur L. S. Gray en Kie (Edms.) Bpk., Glenluceweg 8, Glenesk, Johannesburg.

SOUTH AFRICAN REFERENCE LIBRARY

P.O. Box 3147
Johannesburg

# NEWS LETTER

Issued by
MARAIS STEYN
Assistant
General Secretary
UNITED PARTY

A COMMENTARY ON POLITICAL QUESTIONS OF THE DAY

**NEW SERIES No. 10** **For Quarter ending October 1949**

# THE "APARTHEID" FRAUD AND THE UNITED PARTY'S COMMON-SENSE NATIVE POLICY

Before discussing the question of "Apartheid" and Native policy, it is necessary to study the following figures as disclosed by the 1946 census:

Number of Natives resident in Native areas, 3,106,000

Number of Natives resident in the rest of the Union, 4,699,592

Thus 39.79 per cent of the Natives reside in Native areas and 60.21 per cent reside outside of Native areas. In the Transvaal where the Native housing problem is most acute, only 19.61 per cent of the Natives reside in Native areas.

The main conclusion of the Fagan Commission which investigated future policy to be followed in regard to the Natives was:

**"IT WOULD BE UTTERLY IMPOSSIBLE TO PUT THE NATIVE POPULATION WHICH IS ALREADY OUTSIDE THE RESERVES BACK INTO THE RESERVES, OR EVEN TO KEEP THE WHOLE INCREASE THERE IN FUTURE."**

The Fagan Commission also reported that:

**(1) TOTAL SEGREGATION IS NO LONGER PRACTICAL.**

**(2) THE DRIFT TO THE TOWNS CANNOT BE STOPPED SO LONG AS SOUTH AFRICA'S ECONOMY REQUIRES NATIVE LABOUR.**

**(3) MIGRANT LABOUR HAS ITS LIMITATIONS AND CANNOT SUPPLY ALL THE NEEDS OF MINING AND INDUSTRY.**

**(4) IN THE TOWNS THERE IS ALREADY A LARGE AND PERMANENT NATIVE POPULATION AND THIS WILL TEND TO INCREASE.**

## FACING FACTS

This is the position in a nut-shell. It is not a question of what we would like the position to be, but what it actually is. Almost five million Natives are to-day "Displaced Persons" insofar as tribal ties and divorcement from the land is concerned.

To deprive the Natives of the limited political rights they still possess by eliminating the three Native representatives in the House of Assembly, does not take us one inch nearer to "Apartheid." It does not even provide a single extra Native labourer for the farms or the mines, in fact it does not do a single thing for those who were lured by the magic word — "APARTHEID." All that it does is to give the Nationalist Government an increase of their majority in the House of Assembly.

There is no need for us to labour the point that not a single step has been taken by the Nationalist Government to implement its so-called positive policy of Apartheid.

## REASON FOR NATIONALIST FAILURE

For the implementation of the Government's policy of Apartheid, two things are necessary: (a) provision of sufficient land to settle all Natives in Reserves who can be spared from the industrial areas and (b) provision of separate Native townships in which urban Natives will reside.

**Few South Africans are prepared to believe that the Nationalist Government seriously contemplates providing sufficient land for the displaced natives to be able to reside in Reserves, and the hazard of a Native population residing in Reserves, satisfied with their lot and unwilling to come out of them to work on farms and in industry, is even too much for the Nationalist Party to face.**

The Nationalist Government has so far proved itself both unwilling, and financially unable to provide land and housing for Natives in separate townships.

Is it any wonder that the Nationalist Party followers are being hoodwinked with such things as Apartheid at railway station entrances and a mixture of races and colours on the station platforms.

## WHAT THE UNITED PARTY WILL DO

There are certain matters appertaining to Natives upon which almost all white South Africans are agreed. There is therefore, hardly any need for the United Party to restate that it is opposed to equality for, or assimilation of, the Natives, and that it will maintain the traditional residential and social separation in accordance with the general policy it has always followed.

Where United Party policy differs so much from the Nationalist Party is that it will proceed, as soon as it is returned to power, to create separate parallel

townships in the urban areas for Natives. It will, in co-operation with Municipalities, the Mines and industries, provide the Natives with land, housing, transport and other amenities, to enable them to reside in their own townships, which they will be encouraged to manage with civic pride. This, so far as the urban areas are concerned, will be real and not spurious "Apartheid."

In respect of the Native Reserves, the United Party will provide the necessary land, which the late General Hertzog and most of the present day Nationalist Cabinet Ministers pledged themselves to provide, but failed to do so.

**The United Party considers the Native Reserves to be the national and cultural base of the Native races. It will therefore improve their carrying capacity and promote their well-being. It favours the establishment of village centres where the Natives can be encouraged to set up suitable handicrafts and industries adaptable to Native economy.**

The United Party is also pledged to give Natives the necessary training to enable them to build their own homes and play their rightful part in the service of their own people.

The Native people recognise that the maintenance of social separation is to their best interests and the United Party will assist them in retaining that separation while at the same time seeking to increase their wealth production capacity in the interest of both white and black.

---

# 42 Things The Nationalist Government Has Done

1.—Promised to solve the housing problem, but has made the housing problem more acute than ever.
2.—Promised to reduce the cost of living, but has caused the cost of living to rise higher.
3.—Promised to eradicate Native Crime, but there is more Native Crime than ever.
4.—Promised abundant supplies of Native labour for the farms, but Native labour is scarcer than ever.
5.—Held up irrigation works, because it is unable to finance the schemes started by the United Party Government.
6.—Stopped the importation of essential supplies, but allowed imports of whisky.
7.—Is encouraging hooliganism at public meetings by putting the blame for "meeting smashing" on other political parties.
8.—Is importing wheat (at a sacrifice of badly needed dollars) for white bread but is exporting the bran at a heavy loss to the tax-payers, in order to get dollars.
9.—Created unemployment in building and other trades, because the national purse is empty.
10.—Is allowing roads to fall into disrepair, because the national purse is empty.
11.—Failed in its promise to increase the pensions of Oudstryders, because the National purse is empty.
12.—Created political Commandos of the Defence system.
13.—Abolished Commonwealth and British Citizenship.
14.—Promised £2 1s. 3d. per bag for mealies, but did not keep its promise.
15.—Promised to remove all unemployed Natives from the towns; but created more unemployment and let the Native remain there.
16.—Proposed to establish sectional schools and separate the children of the two chief European races.
17.—Promised the farmers ample supplies of cheap fertiliser, but failed to keep its promise.
18.—Halted industrial progress by stopping imports of material required by industry.
19.—Lost international goodwill and so stopped the flow of capital into the country.
20.—Stopped immigration and deprived South Africans of an opportunity of learning the arts and crafts of industry which the immigrants would teach.
21.—Broke faith with the Natives and the Cape Coloured people and so destroyed their reliance upon the pledged word of the white man.
22.—Created financial instability and uncertainty in the country's future by holding out the threat of establishing a republic.
23.—Sent our most experienced General and war leader out of the country to a non-military post.
24.—Opened the doors of the jails for the release of men who had been traitors to the country in war.
25.—Appointed a propagandist of Nazism as Chief Information Officer for the Union.
26.—Appointed a member of the Broederbond as Chairman of the S.A. Broadcasting Corporation.
27.—Appointed a member of the Broederbond as Administrator of the Transvaal.
28.—Set up Commission with a view of giving promotion in the Railways and Public Service to men who had failed the country in war time.
29.—Promised the Presidency of the Republic to Mr. J. G. Strydom.
30.—Threatened the Press that it would be "disciplined."
31.—Curtailed the provision of a meal for Native school-going children and later relieved Dr. Stals of the Ministry of Education when he refused to stop the partial feeding scheme.
32.—Withdrew the restriction against the employment of confessed Broederbonders and Ossewabrandwagites in the Public Service.
33.—Appointed a Socialist — who advocated that the Natives should have 10 members in the House of Assembly — as a Nationalist Senator.
34.—Elected an exponent of Communism to represent the Nationalist Party as a Senator for Natal.
35.—Stopped the flow of men and capital into the Union.
36.—Inherited a gold reserve of £230,000,000 when it entered into office and brought it down to £60,000,000.
37.—Offered the public castor oil and tight-belts as a reward for putting the Nationalist Party in power.
38.—Exporting badly needed food in order to get dollars and sterling and so raising the cost of living for the South African population.
39.—Created a Tea and Coffee shortage and raised their price to the consumer.
40.—Followed a systematic policy of interference in the domestic affairs of Trade Unions.
41.—Talked and talked about "Apartheid" and the good things that would accrue to the Natives, but has not succeeded in getting the Native to believe it.
42.—Dropped its policy of "South Africa First" and economic independence and sent its Minister of Finance to Britain and the United States of America to seek loans.

# THE CASE OF DEMOCRACY VERSUS DICTATORSHIP

**Essential Differences Between Nationalist Policy and United Party Policy**

## NATIONALIST POLICY

### NATIONAL UNITY:

**"A large portion of our population (the English-speaking section) is the Fifth Column of an oversea nation."**

Dr. Malan in "Die Republikeinse Orde."

### CONSTITUTIONAL:

**"When we have the Republic, the say (vote) of the unnational and inimical-minded elements in our national affairs must be obliterated.**

**"Only those who have given full and exclusive loyalty to the independent republic will be given the right to vote."**

Dr. Malan in "Die Republikeinse Orde." Published by F. C. Erasmus, Chief Secretary, Nationalist Party. (Minister of Defence.)

### DEMOCRATIC GOVERNMENT:

**"Democracy as we know it, or the British Parliamentary system, which we must not confuse with democracy, is a caricature. As far as he was concerned, he had no objection to sweeping it away."**

Dr. Malan and the Federal Council of the Nationalist Party, in "Die Republikeinse Orde."

**"Dr. Malan has even rejected the stipulation that a Republic should rest on the broad foundation of the people's will. They (the Nat. Party) are evidently prepared to force a Republic on the nation EVEN BY A MINORITY SECTION."**

Mr. N. C. Havenga, "Rand Daily Mail," 9/11/1940.

### EQUAL POLITICAL RIGHTS:

**"The main object is that Afrikanerdom shall reach its ultimate destiny of domination (baasskap) in South Africa."**

Prof. J. C. van Rooy, Chairman, Broederbond, of which most Cabinet Ministers are members.

**"We also reject decidedly the so-called 50-50 policy, such as having the British Connection and having an Anthem (God Save the King) and making room for another flag (Union Jack) next to our own."**

Federal Council, Nationalist Party.

**"If 'God Save the King' and 'Die Stem' are to be treated on a footing of equality, it means that we are granting full recognition to British Imperialism. I am not prepared to do that."**

Dr. Malan, Hansard 1145, 9/9/1940.

**"Co-operation between the two elements (Afrikaans and English) has failed. Now only one course remains: the road of united Afrikanerdom.**

Dr. Malan, Cradock, 31/10/1940.

## UNITED PARTY POLICY

### NATIONAL UNITY:

The United Party stands for national unity for a united South African nation, based on complete equality of the two main sections of our European population, with equal language rights and equal respect for the sentiments and the traditions of the other.

### CONSTITUTIONAL:

The United Party is opposed to republican propaganda and to the establishment of a Broederbond State in South Africa. It has consistently followed a policy of free participation, on equal partnership terms, in the British Commonwealth of Nations.

### DEMOCRATIC GOVERNMENT:

The United Party stands for the maintenance of the democratic system known as Western democracy, based on parliamentary supremacy and control of delegated powers exercised by administrative bodies or officers of the Government. It also stands for Provincial self-government as established under the South Africa Act.

### EQUAL POLITICAL RIGHTS:

The United Party stands for equal political rights for both sections of the population, and not merely "equal language and cultural rights," such as the Nationalists say they are willing to grant. It furthermore stands for racial co-operation on equal terms in respect of all matters appertaining to the development of the country. It accepts the Flag compromise and the Anthem practice as being in accordance with the will of the people. It is against domination over any section of its European population.

## NATIONALIST PARTY POLICY

**THE DEMOCRATIC FREEDOMS:**

**"That portion of the Press, which up to now has served foreign interests, will have to be kept within bounds."**

Dr. Malan, Stellenbosch, 25/3/1941.

**"One can take it that perhaps 80-85 per cent of the New Order (Nazism) has been taken up in the Nationalist Party's programme, which THE PARTY WILL CARRY OUT IN LETTER AND IN SPIRIT WHEN IT COMES INTO POWER."**

Dr. Malan, in "Die Republikeinse Orde."

**APARTHEID:**

**"The Native was to live his own life in his own area. The Native must only be allowed to leave his areas as a temporary worker. HIS WIFE AND CHILDREN MUST REMAIN BEHIND."**

Mr. J. G. Strydom, Minister of Lands. "Die Transvaler" report, 11/7/1947.

**ECONOMIC POLICY AND STATE INTERFERENCE IN OTHER PEOPLE'S BUSINESS:**

**"The State must have direction and supervision by means of its own representatives on the Board of Directors or through Corporations or some allied method.**

**"Gold mines . . . profits will be divided according to a fixed, but not necessarily uniform scale among the workers, the owners and the State."**

Nationalist Party's Social and Economic Policy.

## UNITED PARTY POLICY

**THE DEMOCRATIC FREEDOMS:**

The United Party upholds the freedoms of the democratic system — freedom of speech and the Press, freedom of religious worship, freedom from arbitrary arrest and of access to the Law Courts. It also upholds the principle of freedom of association in employers' organisations and in trade union organisations.

**APARTHEID:**

The United Party stands for residential separation for European and non-European sections of the population. It, however, recognises that millions of Natives are now "displaced persons" so far as the Reserves are concerned. It therefore stands for a policy of parallel townships for non-Europeans where adequate housing, transport and health services will be available.

**ECONOMIC POLICY AND STATE INTERFERENCE IN OTHER PEOPLE'S BUSINESS:**

The United Party stands for free individual enterprise, with a minimum of interference in the industrial development of the country, and with due regard to essential services such as electricity, transport and the like.

---

# AN AFRIKAANS DAILY NEWSPAPER

**Arrangements have now been completed to publish "DIE VOLKSTEM" daily in tabloid form, in accordance with the newest practice in journalism.**

**The paper will be distributed from Johannesburg and be on sale in the streets of the Witwatersrand and elsewhere, at dawn each day.**

**A form for subscribers will be found in this News-Letter. Our Party supporters are asked to do everything in their power to push the sale of the paper and get all Branch members to become subscribers.**

## SUBSCRIBER TO NEWS-LETTER

**If you wish to receive a monthly copy of the United Party News-Letter, then please fill in this form and post it to:**

**NEWS-LETTER,**
**P.O. Box 3147,**
**JOHANNESBURG.**

**Please send an annual subscription of 1/-, 5/- or £5. In fact, any sum you wish towards the cost of its distribution.**

**Name** ..........................................................

**Address** ..........................................................

..........................................................

..........................................................

(Please use block letters.)

**Amount enclosed ... £ : : .**

Printed in the Union of South Africa by L. S. Gray & Co. (Pty.) Ltd., 8 Glenluce Road, Glenesk, Johannesburg.

# Die Volkstem

## ANNOUNCEMENT

The Board of Directors has much pleasure in announcing that as from 1st November, 1949, DIE VOLKSTEM will be published on the Reef as a morning daily paper.

It will be presented in tabloid form in keeping with the modern trend in newspapers. Its news-gathering services will be greatly extended, and its columns will daily contain features of interest to all readers. In the modern fashion, it will be well illustrated, and with its revitalised presentation will bear comparison with any other newspaper published to-day.

An efficient distribution service will circulate DIE VOLKSTEM in city and platteland, so that its readers may be assured of a regular daily delivery.

As the oldest Afrikaans newspaper in South Africa, DIE VOLKSTEM can trace its association back to such personalities as President Paul Kruger, General Louis Botha and many other names famous in the history of South Africa.

The Board of Directors wishes to emphasise that with this modern development in the publication of DIE VOLKSTEM there will be no change in its traditional policy and objectives of fostering South African national unity and serving, primarily, South African interests.

Pretoria,
13th September, 1949.

---

THE CIRCULATION MANAGER,
Die Volkstem,
176 Main Street,
JOHANNESBURG.

Please deliver regularly DIE VOLKSTEM to the following

Mr./Mrs./Miss..........................................................

..........................................................

for a period of.......................................................... months

I enclose a cheque/postal order for £ : : covering the amount of the subscription.

Signed..........................................................

Subscription rates for DIE VOLKSTEM in the Union will be as follows:—

| | 12 MONTHS | 6 MONTHS | 3 MONTHS | | 12 MONTHS | 6 MONTHS | 3 MONTHS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| By Post ...... ...... | 60/- | 30/- | 15/- | For Delivery ...... | 57/8 | 28/10 | 14/6 |

# Die Volkstem

## AANKONDIGING

Die Direksie kondig met genoeë aan dat DIE VOLKSTEM van 1 November 1949 as 'n oggendblad aan die Rand uitgegee sal word.

Die blad sal in handige klein formaat verskyn om tred te hou met die moderne ontwikkeling in die koerantwese. Die nuusdiens sal aansienlik uitgebrei word en die blad sal gereeld interessante artikels publiseer waarin elkeen iets na sy smaak sal vind. Volgens moderne vereistes sal die blad ryklik geïllustreer wees, sodat dit in sy nuwe vorm sal kan meeding met enige koerant wat vandag in die Unie gepubliseer word.

'n Doeltreffende verspreidingsdiens sal sorg dat lesers van die nuwe VOLKSTEM, in die stedelike gebiede sowel as op die platteland, hul koerant daagliks gereeld ontvang.

As die oudste Afrikaanse koerant in die land, is DIE VOLKSTEM trots op sy noue betrekkings met groot manne van die verlede, o.w. President Kruger, genl. Louis Botha en talle ander wat beroemd is in die geskiedenis van Suid-Afrika.

Die Direksie wil beklemtoon dat met hierdie nuwe ontwikkeling in die voorkoms van DIE VOLKSTEM en sy verhuising, geen verandering gemaak sal word in die tradisionele beleid en doelstelling van die blad nie, naamlik om 'n Suid-Afrikaanse nasionale eenheid te bevorder en die ware belang van Suid-Afrika bo alles te stel.

Pretoria,

13 September 1949.

---

DIE SIRKULASIE-BESTUURDER,
Die Volkstem
Mainstraat 176,
JOHANNESBURG.

Lewer asb. DIE VOLKSTEM gereeld aan die onderstaande

Mnr./Mev./Mej. ................................................................

................................................................

vir 'n tydperk van ................................................................ maande

Ek sluit hierby 'n tjek/posorder ten bedrae van £ : : in om die intekengeld te dek.

Handtekening ................................................................

Intekengeld op DIE VOLKSTEM in die Unie sal as volg wees:—

| | 12 MAANDE | 6 MAANDE | 3 MAANDE | | 12 MAANDE | 6 MAANDE | 3 MAANDE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Per Pos ...... ...... | 60/- | 30/- | 15/- | Afgelewer | 57/8 | 28/10 | 14/6 |

W.P.—68174—29/9/49

SOUTH AFRICAN REFERENCE LIBRARY INSTITUTE OF RACE RELATIONS

Posbus 3147
Johannesburg

# NUUSBRIEF

KOMMENTAAR OP POLITIEKE VRAAGSTUKKE VAN DIE DAG

Uitgegee deur
MARAIS STEYN
Assistent
Algemene Sekretaris
VERENIGDE PARTY

NUWE SERIES No. 10 Vir 3 Maande eindigende Oktober, 1949

## DIE „APARTHEIDS"-BEDROG EN DIE VERENIGDE PARTY SE GESONDE VERSTAND BELEID VIR NATURELLE

Voordat ons die kwessie van „Apartheid" en die naturelle-beleid bespreek, is dit nodig om aandag te bestee aan die volgende syfers wat deur die 1946-sensus aan die lig gebring is:

| | |
|---|---|
| Aantal naturelle woonagtig in die naturelle-gebiede ... ... ... ... ... ... | 3,106,000 |
| Aantal naturelle woonagtig in die oorblywende gedeeltes van die Unie | 4,699,592 |

39.79 persent van ons naturelle woon dus in naturelle-gebiede, en 60.21 persent woon buite die naturelle-gebiede. In Transvaal, waar die naturelle-behuisingsprobleem geweldige afmetings aangeneem het, woon slegs 19.61 persent van die naturelle in naturelle-reserwes.

Die hoofgevolgtrekking waartoe die Fagan-kommissie geraak het tydens sy ondersoek van die toekomstige naturelle-beleid wat in hierdie land gevolg moet word, was:

**DIT SAL HEELTEMAL ONMOONTLIK WEES OM DIE NATURELLE-BEVOLKING WAT REEDS BUITE DIE RESERWES IS, TERUG IN DIE RESERWES TE PLAAS, OF SELFS OM DIE HELE AANWAS IN DIE TOEKOMS DAAR TE HOU."**

Die Fagan-kommissie het ook as volg gerapporteer:

(1) **TOTALE SEGREGASIE IS NIE LANGER PRAKTIES NIE.**

(2) **DIE TREK NA DIE STEDE KAN NIE STOPGESIT WORD SOLANK SUID-AFRIKA SE EKONOMIE VAN NATURELLE-ARBEID AFHANKLIK IS NIE.**

(3) **TREK-ARBEID HET SY BEPERKINGS, EN KAN NIE IN AL DIE BEHOEFTES VAN DIE MYNE EN NYWERHEDE VOORSIEN NIE.**

(4) **IN DIE STEDE IS DAAR REEDS 'N GROOT EN PERMANENTE NATURELLE-BEVOLKING WAT MET VERLOOP VAN DIE JARE WAARSKYNLIK SAL TOENEEM.**

### ONS MOET FEITE ONDER DIE OË SIEN

Daar het u nou die posisie in 'n paar woorde. Dit is nie 'n kwessie van hoe ons graag die posisie sou wou hê, maar wat die toestand in werklikheid is. Byna vyf miljoen naturelle is vandag „ontwortelde persone," vir sover dit hul stamverband en hul skeiding van die grond betref.

Om die naturelle te beroof van die geringe politieke regte wat hulle oorgehou het, m.a.w. om die drie naturelle-verteenwoordigers in die Volksraad in die pad te steek, sal ons geen duim nader aan apartheid bring nie. Dit sal geen enkele addisionele naturelle-arbeider aan ons boere of aan ons myn verskaf nie. Trouens, dit sal hoegenaamd niks doen vir daardie mense wat hulle om die bos laat lei het deur die towerwoord APARTHEID nie. Al wat dit wel sal doen, is om die Nasionale Party-regering se meerderheid in die Volksraad te vergroot.

Dis seker nie nodig om ons lesers daaraan te herinner dat die Nasionale Party-regering nog geen enkele stap gedoen het om uitvoering aan sy sogenaamde positiewe beleid van apartheid te gee nie.

### REDES VIR DIE NASIONALISTE SE MISLUKKING

Vir die uitvoering van die Regering se beleid van apartheid is twee dinge nodig: (a) die beskikbaarstelling van voldoende grond vir die nedersetting in die reserwes van al die naturelle wat nie in ons nywerhede opgeneem kan word nie, en (b) die oprigting van afsonderlike naturelle-dorpies waar die stedelike naturelle kan woon.

**Min Suid-Afrikaners is bereid om aan te neem dat die Nasionale Party-regering ernstige oorweging daaraan verleen het om voldoende grond beskikbaar te stel vir die nedersetting van die ontwortelde naturelle in reserwes. En die gevaar van 'n naturelle-bevolking wat in die reserwes woon, heeltemal tevrede met sy lot is, en gans en al ongeneë voel om op ons plase en in ons nywerhede te kom werk, is so groot dat selfs 'n Nasionale Party-regering dit nie onder die oë durf sien nie.**

Die Nasionale Party-regering het reeds bewys dat hy nie alleen onwillig is nie, maar ook nie oor die finansiële hulpmiddels beskik om grond en huise in afsonderlike dorpe aan naturelle te verskaf nie.

Is dit dan 'n wonder dat die Nasionale Party se volgelinge mislei word deur sulke dinge soos apartheid by die toegange tot spoorwegstasies en 'n vermenging van rasse en kleure op stasieperonne?

(vervolg op bladsy 2)

### WAT DIE VERENIGDE PARTY SAL DOEN

Daar is sekere sake in verband met die naturelle waaroor daar eenstemmigheid by feitlik alle blanke Suid-Afrikaners bestaan. Derhalwe is dit skaars nodig vir die Verenigde Party om weereens te verklaar dat hy gekant is teen gelykheid met, of die assimilasie van die naturelle, en dat hy hom sal beywer vir die tradisionele residensiële en maatskaplike skeiding, ooreenkomstig die algemene beleid wat hy nog steeds volg.

Die Verenigde Party se beleid verskil egter van die Nasionale Party se beleid in dié opsig dat, sodra hy weer aan die bewind kom, hy sal oorgaan tot die oprigting van parallelle naturelle-dorpe in die stedelike gebiede. In samewerking met munisipaliteite, die myne en nywerhede sal die Verenigde Party die naturelle van grond, huise, vervoerfasiliteite en ander geriewe voorsien. Hierdeur sal hulle in staat gestel word om in hul eie dorpies te woon, en hulle sal aangemoedig word om hierdie dorpies met die regte mate van burgertrots te bestuur. Dit sal egte, en nie onegte apartheid wees nie vir sover dit die stedelike gebiede betref.

Ten opsigte van die naturelle-reserwes, sal die Verenigde Party die nodige grond verskaf—m.a.w. die grond wat deur wyle genl. Hertzog en die merendeel van die Nasionale Party se huidige kabinetsministers beloof is, maar nooit beskikbaar gestel is nie.

**Die Verenigde Party beskou die naturelle-reserwes as die nasionale- en kultuurbasis van die naturelle-volke. Hy sal hom derhalwe beywer om die dra-vermoë en die voorspoed van hierdie reserwes te verhoog. Hy is ten gunste van die oprigting van dorpsentra waar die naturelle die hande-arbeid en ambagte wat by die naturelle-ekonomie tuishoort, kan aanleer.**

Die Verenigde Party het ook beloof om naturelle die nodige opleiding te gee wat hulle in staat sal stel om hul eie huise te bou, en hul regmatige rol onder hul eie mense te speel.

Die naturelle besef dat die instandhouding van 'n maatskaplike skeidslyn in hul eie belang is, en die Verenigde Party sal hulle help om daardie skeidslyn te bewaar; terselfdertyd sal hy probeer om hul vermoë om rykdom te produseer, sover moontlik uit te brei, omdat hy besef dat dit in belang van sowel die blankes as die nie-blankes is.

---

# DAAR IS EN DAAR KAN NET EEN PAD WEES

## Suid-Afrika Moet Nasionale Eenheid Sy Lewensweg Maak

**DIE EERSTE EN VERNAAMSTE DOEL VAN DIE VERENIGDE PARTY WAS NOG ALTYD OM WEG TE KOM VAN DIE RASSE-SLAGBOOM WAT — VANDAG, GELUKKIG, IN MINDER MATE, DIE TWEE RASSE POLITIEK APART GEHOU HET. DIE PARTY SE VOLLE NAAM — DIE VERENIGDE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PARTY — VERDUIDELIK SY DOELSTELLINGS BAIE MOOI: DIE TOTSTANDBRENGING VAN 'N POLITIEKE BEWEGING WAT WAARLIK SUID - AFRIKAANS, NASIONAAL EN VERENIG IN BELANG VAN DIE VOLK IS.**

Toe wyle genl. Hertzog en genl. Smuts teen die einde van 1932 besluit het om hul kragte saam te snoer en 'n nasionale regering te vorm, het die hele gedaante van ons politieke lewe verander. 'n Hele paar jaar lank is rasse-hartstog op die agtergrond geskuif en was die parlement in staat om hom aan die aangeleenthede en belange van die land te wy. Die droombeeld van daardie groot apostel van versoening en vriendskap en samewerking — wyle genl. Botha — het nader aan verwesenliking gekom, en die land het vooruitgegaan.

Die tweestroom-beleid waarop die ou Nasionale Party gegrond was, het geleidelik in die vergetelheid geraak. Die Afrikaanssprekende en Engelssprekende seksies van die bevolking het op 'n grondslag van absolute gelykheid deelgeneem aan die regering van die Unie. Dit is slegs reg dat ons ons lesers daaraan moet herinner dat wyle genl. Hertzog in die aand van sy lewe, en ondanks meningsverskille oor ons deelneming aan die oorlog, nooit 'n duim breed afgewyk het van die beginsel van gelyke politieke regte vir die twee blanke rasse, of van die beleid van nasionale eenheid en gesamentlike deelneming aan die regering van die Unie nie.

### TERUG NA DIE TWEESTROOM-BELEID

'n Ongelukkige verandering in ons politieke ontwikkeling het ingetree toe die huidige Eerste Minister, dr. D. F. Malan, hom vereenselwig het met die Broederbond — 'n organisasie wat 'n suiwer Afrikanerrepubliek nastreef. Daar is egter reeds talle bewyse dat die nuwe of ,,gesuiwerde'' Nasionale Party, wat deur dr. Malan gestig is en gelei word as hoof van die Regering, so stadigaan tot die besef kom dat 'n regering, saamgestel uit een seksie van een ras, nie die belange van die volk as 'n geheel kan bevorder nie.

Dit het derhalwe die plig van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party geword om Suid-Afrika en die Nasionale Party van sy eie ekstremiste te red——om ons land in die rigting van suiwer nasionalisme en nasionale eenheid te lei. En aan daardie doel gaan hy hom wy.

## 'N BEROEP OP ALLE WELWILLENDE MANNE EN VROUE

Ons glo dat daar duisende Nasionaliste en goeie Suid-Afrikaners is wat erg onthuts voel oor die ekonomiese posisie waarin die land op die oomblik verkeer ten gevolge van ekstremisme, enge seksionele nasionalisme, en die kleinsielige maar voortdurende prikkeling van die nie-Nasionale seksie van die gemeenskap deur kabinetsministers wat heeltemal van stryk gebring is deur die magte wat so onverwags in hul hande geplaas is.

Die Verenigde Party doen 'n beroep op hierdie groot seksie om hom te help om ware Suid-Afrikaanse vaderlandsliefde (of nasionalisme) aan te kweek. Dit sal ons in staat stel om die gemeenskaplike take, waarvoor Suid-Afrikaners van albei rasse in hierdie kritieke tydperk van ons geskiedenis te staan gekom het, aan te pak en op te los.

## SUID-AFRIKANERS MOET SAAMSTAAN

Die ideaal van nasionale eenheid is belangriker as ooit tevore. Ons blanke bevolking is veels te klein om in afsonderlike rasse, partye en groepe verdeel te word. As ons saamstaan, kan ons die naturelle- en ander nie-blanke probleme oplos. Ons kan die voorspoed van die afgelope tien jaar herstel. Ons kan ons mense 'n hoë lewensstandaard gee, en ons volksinkomste verhoog deur die volste gebruik te maak van nie-blanke arbeid en ander natuurlike hulpbronne.

Ons moet nasionale eenheid ons lewensweg maak. Dit moet nie 'n politieke leerstelling bly nie.

Hoewel ons van twee afsonderlike rasse afstam, is ons 'n verwante volk wat twee tale praat maar aan dieselfde familie-groep behoort. Daar is geen diepgewortelde godsdienstige geskille tussen ons nie, en albei groepe glo aan individuele en nasionale vryheid.

Die Verenigde Party glo nie dat nasionale eenheid teweeggebring kan word deur die een rasse-groep aan die ander onderhorig te maak nie. Geen element van die blanke bevolking moet onder die juk van 'n ander staan nie. Die Verenigde Party streef na nasionale eenheid op 'n grondslag van gelykheid, met onderlinge agting vir mekaar se taal, kultuur en geskiedkundige tradisies.

As ons ooreenkom om saam te werk, kan ons die gees van nasionale eenheid verwesenlik, en al ons politieke en ekonomiese probleme te bowe kom. Ons mense het behoefte aan 'n maksimum-mate van bestaansbeveiliging — voedsel, huise, klere en opvoeding. Die land dring aan op 'n behoorlike oplossing van ons nie-blanke probleme. Almal verlang dat die fondament van ons volksgebou heg en goed gelê moet word. As ons klein blanke bevolking verdeel is, sal die dringende probleme van vandag onopgelos bly, en niemand behalwe die politieke opportunistiese uitbuiters sal daarby baat nie.

Laat ons saamstaan. Laat ons saam voorwaarts beweeg na nasionale eenheid.

# 42 Dinge Wat Die Nasionale Party-Regering Gedoen Het

1.—Hy het beloof om die behuisingsvraagstuk op te los, maar geen stappe gedoen om 'n einde aan die akute tekort aan huise te maak nie.

2.—Hy het beloof om die koste van lewensonderhoud te verminder, maar het dit in werklikheid nog hoër laat styg.

3.—Hy het beloof om naturelle-misdaad uit te roei, maar vandag is daar meer naturelle-misdaad as ooit tevore.

4.—Hy het beloof om meer as genoeg naturelle-arbeiders aan ons boere te verskaf, maar naturelle-arbeid is vandag skaarser as ooit tevore.

5.—Hy het besproeiïngswerke stopgesit, omdat hy nie die skemas waarmee die Verenigde Party-regering begin het, kan finansiër nie.

6.—Hy het die invoer van essensiële voorrade stopgesit, maar laat wel die invoer van whiskey toe.

7.—Hy moedig „straatboewery" op openbare vergaderings aan deur die skuld vir die opbreek van vergaderings op die skouers van ander politieke party te probeer plaas.

8.—Hy voer koring vir witbrood in (waarvoor met broodnodige dollars betaal moet word), maar voer semels teen 'n groot verlies vir die belastingbetaler uit om dollars in die hande te kry).

9.—Hy het werkloosheid in die bou- en ander bedrywe geskep omdat die skatkis leeg is.

10.—Hy laat toe dat ons paaie in 'n vervalle toestand geraak omdat daar geen geld in die skatkis is nie.

11.—Hy het nie sy beloftes om die pensioene van oudstryders te verhoog, nagekom nie omdat die skatkis leeg is.

12.—Hy het politieke kommando's vir ons verdediging geskep.

13.—Hy het die Statebonds- en Britse burgerskap afgeskaf.

14.—Hy het beloof om £2.1.3 vir 'n sak mielies te betaal, maar het nie sy belofte nagekom nie.

15.—Hy het beloof om alle werklose naturelle uit ons stede te verwyder, maar in plaas daarvan het hy meer werkloosheid geskep en die naturelle daar laat bly.

16.—Hy stel voor om seksionele skole op te rig, en om die kinders van die twee vernaamste blanke rasse van mekaar te skei.

17.—Hy het die boere voldoende voorrade goedkoop kunsmis belowe, maar weereens nie sy belofte nagekom nie.

18.—Hy het industriële vooruitgang belemmer deur die invoer van die stowwe wat ons nywerhede nodig het, stop te sit.

19.—Hy het internasionale welwillendheid verbeur, en daardeur die toestroming van kapitaal van hierdie land stopgesit.

20.—Hy het immigrasie stopgesit, en Suid-Afrikaners daardeur beroof van die geleentheid om die beroepe van die ouer Europese lande van immigrante aan te leer.

21.—Hy het die blanke se gegewe woord aan die naturelle en die Kaapse kleurlinge verbreek, en derhalwe hul geloof in die beloftes van die wit man ondermyn.

22.—Hy het finansiële onstabiliteit, en onsekerheid in die land se toekoms geskep deur sy dreigemente om 'n republiek tot stand te bring.

23.—Hy het ons mees ervare generaal en oorlogsleier op 'n nie-militêre sending uit die land gestuur.

24.—Hy het die deure van ons tronke oopgestel vir die vrylating van manne wat gedurende die oorlog landsverraaiers was.

25.—Hy het 'n propagandis van Naziïsme as Hoof-inligtingsamptenaar van die Unie aangestel.

26.—Hy het 'n lid van die Broederbond tot voorsitter van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie aangestel.

27.—Hy het 'n lid van die Broederbond tot Administrateur van Transvaal benoem.

28.—Hy het kommissies aangestel vir die bevordering van spoorwegmanne en staatsamptenare wat hul land in oorlogstyd in die steek gelaat het.

29.—Hy het die presidentskap van die republiek aan adv. J. G. Strydom beloof.

30. Hy het gedrieg om die pers te ,,dissiplineer.''

31.—Hy het die verskaffing van maaltye aan naturelle-skoolkinders ingekort, en dr. Stals later onthef van die portefeulje van onderwys omdat hy geweier het om die gedeeltelike voedingskema heeltemal stop te sit.

32.—Hy het die verbod op die indiensneming van erkende Broederbonders en Ossewabrandwag-lede in die Staatsdiens opgehef.

33.—Hy het 'n Sosialis — wat vroeer gesê het dat die naturelle 10 verteenwoordigers in die Volksraad behoort te hê — tot ,,Nasionale'' senator aangestel.

34.—Hy het 'n eksponent van Kommunisme gekies om die Nasionale Party as 'n senator vir Natal te verteenwoordig.

35.—Hy het die vloei van werkers en kapitaal na die Unie stopgesit.

36.—Hy het 'n goudreserwe van £230,000,000 geërf toe hy aan bewind gekom het, en dit tot £60,000,000 verminder.

37.—Hy het die publiek kasterolie en stywer gordels aangebied as 'n beloning vir die moeite wat hulle gedoen het om 'n Nasionale Party-regering aan die bewind te stel.

38.—Hy voer broodnodige voedsel uit in 'n poging om dollars en sterling in die hande te kry, en verhoog daardeur die lewenskoste van die Suid-Afrikaanse bevolking.

39.—Hy het 'n tee- en koffie-tekort geskep, en die pryse van hierdie benodigdhede vir die verbruiker verhoog.

40.—Hy volg 'n stelselmatige beleid van inmenging in die huishoudelike aangeleenthede van vakbonde.

41.—Hy praat en praat oor apartheid en die wonderlike voordele wat dit vir die naturelle sal meebring, maar tot dusver het hy die naturelle nog nie oorreed om hierdie stories te glo nie.

42.—Hy het die beleid van ,,Suid-Afrika Eerste'' en ekonomiese onafhanklikheid laat vaar, en sy Minister van Finansies na Brittanje en die Verenigde State van Amerika gestuur om lenings te probeer aangaan.

# 'N AFRIKAANSE DAGBLAD

Reëlings is tans getref om **DIE VOLKSTEM** daagliks in kleinformaat te publiseer — in ooreenstemming met die jongste gebruike in die joernalistieke wêreld.

Die blad sal vanaf Johannesburg versprei word, en kan teen dagbreek iedere môre op die strate van die Witwatersrand en elders gekoop word.

In hierdie Nuusbrief verskyn daar 'n intekenvorm. Ons Party-ondersteuners word gevra om alles in hul vermoë te doen om die verkoop van die blad aan te moedig en om hul taklede oor te haal om daarop in te teken.

---

As u iedere maand 'n eksemplare van die Verenigde Party se Nuusbrief wil ontvang, vul asseblief hierdie koepon in en pos dit aan:

**NUUSBRIEF,**
**POSBUS 3147,**
**JOHANNESBURG.**

Stuur asseblief 'n jaarlikse subskripsie van 1/-, 5/- of £5, trouens, enige bedrag wat u wil, om die koste van verspreiding te help dek.

Naam ................................................................

Adres ................................................................

................................................................

................................................................

(Drukskrif, asseblief.)

Bedrag ingesluit ... £ : : .

Gedruk in die Unie van Suid-Afrika deur L. S. Gray en Kie (Edms.) Bpk., Glenluceweg 8, Glenesk, Johannesburg.

**Collection Number: AD2533**

**Collection Name: South African Institute of Race Relations, Collection of publications, 1932-1979**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa**
*Location:* **Johannesburg**
**©2017**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.